

Gereformeerde Kerk Bellville – 30 Augustus 2015 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 42:1, 2 (p. 214)

- 1 Soos 'n hert in dorre streke / skreeuend dors na die genot
van die helder waterbeke, / skreeu my siel na U, o God!
Ja, my siel dors na die HEER, / na die Lewensbron; wanneer
sal 'k, ná swerftog en benouing, / God weer sien in klare aanskouing?
- 2 Trane stort ek in my klagte, / want die spotters vra vir my:
"Waar 's jou God?" My dae en nagte / gaan in droefenis verby.
Nog hoor ek die feesgedruis / wat weerklink het om u Huis,
Toe 'k 'n skaar daarheen gelei het, / my met hul in God verbly het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 84:1, 2 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 2 Die mossie vind 'n huis, o HEER, / die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare, / waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak. / Gedugte HEER der leërskaare,
welsalig wie in u paleis / U altyddeur mag loof en prys!

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 86:1, 2 (p. 431)

- 1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.
- 2 Wie is tog, soos U, weldadig? / Wees my dan, o HEER, genadig,
want my roepstem en geklag / klim tot U die ganse dag.
Hoor my in my sielsverlange; / gee my vreugde en vreugdesange;
want ek hef my hart en oog, / troue God, tot U omhoog.

Gebed

Psalm 42:3, 5 (p. 214)

- 3 O my siel, waarom onrustig? / En wat buig jy jou in my?
Waarom in Gods lof onlustig / as die vyand jou bestry?
Menigmaal het Hy jou druk / laat verwissel in geluk.
Hoop op God, in Hom weer rustig! / In sy lof sal 'k my verlustig.
- 5 Maar die HEER sal in my lewe / weer oordag sy guns gebied.
Ook deur donker nag omgewe, / sing ek nog my pelgrimslied.
Ja, ek lofsing in die nag, / want ek bly die HEER verwag;
my gebed sal opwaarts strewe / na die bronwel van my lewe.

Skriflesing: Psalm 42:1-12

Kernverse: Psalm 42:6, 12

Wat buig jy jou neer, o my siel, en is onrustig in my? Hoop op God; want ek sal Hom nog loof—die verlossing van sy aangesig!

Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof—die verlossing van my aangesig en my God! (Psalm 42:6, 12 AFR53)

Tema: Mens, waarom twyfel jy!?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, elke ware gelowige begeer 'n intieme verhouding met God. Hulle wil graag weet en beleef dat God naby hulle is en hulle naby Hom. Vir die Ou-Testamentiese gelowiges was die tempel die plek waar hulle die intiemste gemeenskap met God kon beoefen. Die tempel was egter nie die enigste plek om gemeenskap met God te beoefen nie, maar dit was die plek waar hulle die intiemste met God kon verkeer. Hy het immers Jerusalem as sy stad gekies en in die tempel was die verbondsark – God se troon in die heiligdom.

Om een of ander rede wat aan ons onbekend is, bevind die digter van ons psalm homself ver in die noorde van die land by die Hermonberge, ver van Jerusalem af, ver van die tempel af. In hierdie psalm het hy wel gemeenskap met God. Hy spreek sy verlange en begeertes teenoor die Here uit. Hy praat met God, hy bid. Maar daardie regtige naby aan God wees, beleef hy nie nou nie.

Niemand van ons is immuun teen sulke gevoelens nie. Hoeveel keer het dit nie al gebeur dat jy en ek ook ver van God af voel nie? Ons bid en ons lees die Woord van God. Ons woon eredienste by, ons het deel aan die gemeenskap van die gelowiges. Maar daardie regtige naby wees aan God voel so onwerklik, so ver. Ons weet ons is kinders van God, want die Heilige Gees oortuig ons daarvan en ons bely dit immers elke Sondag. Maar daardie sekerheid dat ons regtig in Christus ingelyf is, ontwyk ons keer op keer. Daar gebeur dinge met ons of met ons kinders of familie wat veroorsaak dat ons naderhand aan die twyfel raak.

As gevolg van die verlange om regtig naby God te wees, pak 'n diepe heimwee 'n mens dan beet. Soos 'n hert smag na waterstrome, so smag ons na U, o God. Ons dors na God, die lewende God. Here, dit voel of ons onself in 'n woestyn bevind. 'n Kale, dorre vlakke lê hom uitgestrek voor ons waar eensaamheid en dood ons in die gesig staar. Daarom brand die verlange pynlik in ons om naby U te wees. U is God, U is die lewe wat ons siele kan verkwik soos koel waterstrome 'n hygende hert kan verkwik. Ons trane is ons brood dag en nag, want ons vyande spot openlik en vra in leedvermaak: Waar is julle God dan nou? Die hele dag staan ons ou mens ons teen en grynslag vir ons wanneer ons skeef trap en in 'n oomblik van onbesonnenheid in die sonde val. En daar waar ons in die sonde lê, kom die wêreldse mense, aangevuur deur die Satan, verby met hulle gespot en sê: Toe jy, wat so roem in jou God wat barmhartig en vol liefde is, waar is jou God nou? Kyk hoe gaan dit met jou, jou lewe is aan die wegwyn, jou God het jou vergeet.

Te midde van al hierdie gespot wil ons eerder dink aan die vreugde van vroeër. Ja, ons wil onself oorgee aan die mooi herinneringe van vroeër. Hoe het ons nie met lof en jubeling as u gemeente en u huis saamgekom nie. Here, ons was 'n feesvierende menigte. Ons het gejuig en psalms gesing tot u eer. In daardie dae het ons regtig u nabyheid konkreet rondom en in ons gesien. Daardie dae toe ons gesien het hoe U die beloftes van ons doop

waar gemaak het. Ons het ons geloof hier in die gemeente openlik bely. Dit het vir ons gevoel of u seën op ons reën. Ons het op die wolke geloop van blydschap. Dit het komplete gevoel soos u arms wat om ons vou.

Maar, o God, herinneringe aan 'n mooi verlede waarin ons u nabyheid so intens geniet het, hef ons nie uit ons ellende op nie. Herinneringe bring ons nie nader aan U nie. Herinneringe maak die feit dat ons onself ver van U af voel net nog meer konkreet. Hier binne-in ons woed en raas dit soos die waters van watervalle. In ons gemoed word ons rondgeslinger tussen die vaste wete dat ons u kinders is, aan die een kant, en aan die ander kant, dit wat hier rondom ons gebeur en hier diep in ons gemoed.

Aan die een kant, ons weet ons is u kinders, daarom spreek ons onself onder aandrang van die Heilige Gees aan. Waarom is ons dan so terneergedruk? Waarom is ons onrustig? Daar is niks om onrustig oor te wees nie, my siel. Laat staan jou twyfel, mens. En ons vermaan onself: Hoop op God! Vertrou op sy bystand en hulp. Hy is immers die lewende God. Kyk net, o mens, wat God alles vir jou in die verlede gedoen het. En met hierdie vermaning sien ons uit na 'n beter toekoms. Daarom sal ons die Here ons God loof. Hy is ons verlossing in Christus.

En tog, hoewel ons op God kan hoop, bly ons terneergedruk. Hoewel ons onself deur die werking van die Heilige Gees kan bemoedig, gryp die twyfel ons weer vas en trek ons plat. Here, soos u watervloede hoog in die berge raas en maal, so is ons smarte in ons. O God, U laat dit soos golwe oor ons slaan. Dit voel of U ons met alles tref. Hoewel U dit so duidelik aan ons openbaar dat U nooit u kinders sal vergeet nie, hoewel die lofliedere en ons gebede in ons harte weerklink, voel dit nou of U ons met elke vloed en golf van U tref. Here, ons dink aan u trou wat U aan ons, u kinders, openbaar. Ons gryp deur die geloof aan U vas en kla by U, o God.

Die geloof in U, o Here, die dinge wat ons vas glo met ons hart en hardop met ons mond bely, lyk asof dit weerspreek word deur die dinge wat ons in onself en rondom ons beleef. Rondom ons skreeu ons vyande teen ons: Waar is julle God? Hierdie gespot wat ons dag vir dag hoor, steek so seer soos skerp swaarde in murg en been in. Maar, God, U is ons Rots wat ewig vas bly staan. Ons word in hierdie lewe rondgeskud, maar die Here bly standvastig. Sy woorde is waarheid. Dit hoor ons telkemale uit sy Woord. Hoekom gebeur dit dan dat trane ons brood is dag en nag. Ons trane het ons oë al so dof gemaak dat ons dit wil uitkreet: Waarom het U ons vergeet? Waarom moet ons onder die verdrukking van ons vyande ly? Ons worstel in die gebed met U, o God, oor wat met ons gebeur. Ons voel so ver van U en smag na U verkwikkende nabyheid, o God.

Daarom worstel ons in ons selfondersoek ook met onself. Ons het niks om oor onrustig te wees nie. God is betroubaar. Hoop op God! Hy is ons Verlosser. Vir Hom sal ons weer 'n loflied sing. In die worsteling van ons selfondersoek herinner ons onself gedurig hieraan.

Geliefde, is die spotvraag, Waar is jou God, ook teen jou geskreeu deur jou aartsvyande? Weet verseker dat jy dit nie alleen gehoor het nie en jy is nie die eerste een teen wie dit geskreeu is nie. Teen Christus Jesus, ons Here, is hierdie vraag ook met groot minagting geskreeu toe hulle spottend uitgeroep het: *As jy die Seun van God is, kom van die kruis af!* In ons plek het Hy die skerp steke van hierdie vraag tot in sy siel, ja, tot in sy murg en gebeente gevoel. Want God het Hom nie net vergeet nie maar ook verlaat in daardie drie ure van duisternis op Golgota. Hierdie smarte van die hel het Hy deurgemaak om vir ons sondeskuld te betaal.

In ons nood en vertwyfeling voel dit vir ons of God al sy golwe oor ons laat gaan. Maar Christus is die Een wat die volle slag van al God se golwe gevoel het. Slag op slag het God sy toorn oor ons sondes op Jesus laat neerkom om die skuld van ons af weg te neem. En Hy het opgestaan uit die dood sodat ons God kan ken as die lewende God; Hy is die God deur wie ons die ware lewe ontvang wat nooit vergaan nie.

Hoewel ons hierdie ware lewe deur die werk van die Heilige het, is ons nog steeds in 'n gebroke wêreld. Deur die Gees van God het daar 'n spanning, 'n stryd in ons lewe gekom. Aan die een kant is ons sondig en daarom van God vervreem; aan die ander kant en terselfdertyd is ons 'n woonplek van die Heilige Gees. Omdat die Heilige Gees in ons is en die nuwe mens in ons opwek, is daar by ons die vurige verlange om naby God te wees. Daarom spreek ons onself in ons selfondersoek aan: Mens, waarom twyfel jy en waarom kerm jy so? Vertrou op God! Hy is jou Verlosser.

Ons twyfel baie maal oor God se bystand en hulp omdat ons voel ons is aan die verloorkant in hierdie wêreld. Maar op God kan ons bly vertrou. Hy is die lewende God. Daar op Golgota waar die dood skynbaar die oorhand gekry het, daar het Hy aan ons die ware lewe as erfdeel gegee. Deur Jesus Christus is Hy teenwoordig waar skynbaar net Godverlatenheid is. Deur sy Gees en Woord is ons Here hier by ons. Ons smag daarna om naby God te wees en deur Hom verkwik te word. Die Heilige Gees sal vanoggend ons uitgestrekte hande saggies vat en na die tafel van die Here lei. Hier aan die tafel gaan Hy ons so seker voed en versterk met die liggaam en bloed van Christus as wat ons die tekens van brood en wyn ontvang. Die Gees sal ons weer verseker dat Christus deel van ons lewe is en dat ons nooit deur God verlaat sal word nie.

Mag die Here ons God die twyfel uit ons gemoed wegneem en ons verseker dat ons regtig sy kinders is. Mag die Here ons deur sy Gees met sy liggaam en bloed verkwik, want ons is soos herte in dorre streke wat smag na die Here, die God van ons lewe.

Amen!

Psalm 46:1, 6 (p. 236)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,
al dreig die vyand met die dood, / al storm sy leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;
laat berge uit hul stee / wegwinkel in die see – / ons sal nie beef of rugwaarts gaan.
- 6 Hou op, en weet: Ek is die HEER! / Ek is verhoog bo alle vlees;
My sal die nasies sien en eer, / of sidd'rend vir my oordeel vrees.
Die HEER sal in gevaar / sy leërs om ons skaar, / oneindig in getal.
Die God van Jakob sal / vir ons 'n veil'ge vesting wees.

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Psalm 65:2, 3 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregthede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.
- 3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

Aan tafel: Skrifberyming 5-4

Met die terugbeweeg: Skrifberyming 5-3

Slotpsalm 43:3, 4, 5 (p. 220)

- 3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is 't my die allerbeste,
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.
- 4 Dan gaan ek in na Gods altare, / tot God, my God, my vreugde^{en} lied;
dan speel ek met die harpenare, / dan ruis vir U my blye snare –
vir U wat my, ná kort verdriet, / 'n eewige vreugde bied.
- 5 My siel, wat treur jy nog verslae / en is onrustig in jou lot?
Berus slegs in Gods welbehae; / strek uit jou hoop na beter dae.
Verrys, herleef op sy gebod – / my redder is my God!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
30 Augustus 2015